KIXPIRASIE KWARTAAL 2 2023

Jou "Survival Kit"

Aktiwiteit: Vertel vir mekaar wat is die 4 goed (buiten die Bybel) waarsonder jy nie kan klaarkom nie en hoekom.

Gesels saam:

- Wat is die een ding wat jou deur 2023 se 1ste kwartaal gedra het?

Fil 4:13: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

Ons het verskillende *survival kits* in ons lewens om ons deur verskillende goed te help. Ons kan dit nie op ons eie doen nie. Net so is jy as Kix-leier deel van jou Kix-kinders se geestelike *survival kit*. Maar vir jou om dit te kan wees, het jy ook jou eie *survival kit* nodig. Hier is vir julle elkeen 'n *survival kit* om saam te neem daar waar jy as persoon, maar ook as KIX-leier, gaan.

(Gee aan elkeen 'n uitdruk van die *Survival Kit*, of maak voor die tyd vir hulle 'n boksie met dit alles in.)

Bid vir mekaar: Draai twee-twee na mekaar toe en bid vir mekaar.